

26 November

Skrifgedeelte: Jesaja 20:1-22:14

Fokusgedeelte: Jesaja 22:1-14 (veral vers

5)

God se volk kan ook onder die oordeel kom

Jesaja 13-23 bevat 'n hele versameling van profetiese uitsprake teen die nasies. Die meerderheid van die uitsprake kondig oordeel oor die nasies aan. Alhoewel daar uitsonderings is, is die algemene reël dat oordeel oor die nasies verlossing vir Israel sou bring. Dit was ook die rede waarom die volk in die tyd van Jesaja gewag het op die dag van die Here. Op daardie dag, so het hulle geglo, sal die Here hulle vyande verslaan. Dit is dus effens vreemd om tussen die profesieë teen die nasies 'n uitspraak aan te tref wat teen Jerusalem gerig is. Dit behoort egter nie vreemd te wees nie, want die oordeel sal ook God se volk tref as hulle aan die Here ongehoorsaam is. In 701 voor Christus het die Assiriese koning, Sanherib, Jerusalem beleër. God het op 'n wonderlike manier uitkoms gegee (2 Kon 19). Baie van die inwoners van Jerusalem het hieruit afgelei dat God hulle altyd sal beskerm. Dit sou egter nie gebeur as die volk aan die Here ongehoorsaam was nie. Hulle blydschap oor hulle verlossing moes daarop uitloop dat hulle hulle elke dag opnuut tot God bekeer en na sy profete luister. Andersins sal al die profesieë wat die Here aan hulle laat verkondig het, op die ou einde teen hulle getuig wanneer die Here se oordeel hulle tref. Die verlossing in Christus moet ons elke dag tot daaglikse bekering bring. So nie, kan God se genade teen ons getuig.

Sing: Psalm 138:3,4

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)